

Dinsdag 31 Julie

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:2;
5:1-5

Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:2;
5:1-5; Heidelbergse Kategismus
44:115 (2)

Waarom ons nog die Tien Gebooie in ons dankbaarheidslewe nodig het (2)

Aan die einde van ons behandeling van die Wet (Sondag 34-44), kan ons dit nou saamvat: Ons word nie *deur* die wet gered nie, maar *tot* die wet as 'n reël vir ons dankbaarheidslewe. Christus alleen red, maar sodat ons nou in dankbaarheid die wet sal on-derhou en daarvolgens lewe. Nie die wet nie, maar ons sonde is die vyand, en deur Christus is ons nou herstel om deur sy Gees volgens sy Woord te wandel. Nou kan ons weer van harte “God liefhê en sy gebooie bewaar” (:1, 2). Liefde tot God lei tot liefde vir die naaste, en andersom (HK Sondag 2), hoe langer hoe meer deur die Gees en gebed.

Ons mag nooit, maar nooit vergeet nie: Ons volle saligheid is van begin tot einde gena-de op genade (Heb. 12:1-3). Maar ons bereik die volmaaktheid eers in die ewigheid, die lewe hierna, daarom dat ons nog belydenis van sonde nodig het, en om ons lewe lank teen die oorblyfsels daarvan te stry (1 Joh. 1:8-10; DL hfst. 5), terwyl Jesus ons Voor-spraak is (1 Joh. 2:1, 2).

Laat ons elke dag ons Voorspraak opsoek in gebed, volgens sy Woord deur die krag van sy Gees. Hy is getrou en sal die uitkoms gee, nou en tot in alle ewigheid!
Sing: Psalm 131-1:1, 2, 3

Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)